

Dinsdag 9 November

Skrifgedeelte: Jesaja 14:1 – 16:5

Fokustekste: Jesaja 14:1;
16:14b, 5

Die Here kom weer – Leef nou gefokus

Die Here se liefde het nie grense nie. Hy herstel 'n afvallige volk as sy kinders. Israel dwaal af en dien afgode. Die Here, die Heilige van Israel, hou sy persoonlike, besorgde verbintenis met die volk. Hy sit sy trou voort en kom sy verbondsbeloftes na. Sy trou gee 'n lewende hoop aan Israel in die ballingskap. Israel is spesifiek gekies om aan sy Naam verbind te wees. Daarom kom die oordele oor die volke wat die Godsvolk verlei en gepynig het: Babel, Assirië, die Filistyne en Moab. Hulle het hoogmoedig geword en gedink dat hulle op dieselfde vlak as die Here is. Hulle gode is magteloos.

Ons ken Israel se geskiedenis van ongehoorsaamheid en die hartseer van wegvoering uit hulle land. Jesaja profeer oor die wegvoering. Daniël getuig van God se trou in Babel. Die ryke is nie bestand voor die Here nie. Israel het vry gebruik van die land gehad, maar dit verloor. Oordeel loop saam met pyn en lyding. Ons lees die trane van die mens, maar ook by God. Dit is immers sy skepping. Daarom loop die kruis se lyding dubbel en dwars deur sy barmhartige Vaderhart. Hy moet die sonde straf. Die Messias kom as ewige Heerser deur aan die kruis God se reg te bevestig (Rom. 3:9-20). Die mensdom het afgedwaal – almal is strafwaardig. God herstel sy reg. Deur die Seun se versoening op Golgota kom ons redding. Ons dien die Here as ons ewige Koning.

Ons lees in Johannes 1:12 dat almal wat glo dat Jesus die enigste Verlosser is, die reg ontvang om kinders te wees. Die Heilige Gees wek standvastige geloof deur die prediking en die Woord. Die Here waarborg oorwinning, maar eis geloofsvertroue. Ons het almal uitdagings wat ons daaglik ervaar. In geloof reageer ons op die beloftes van die Here in ons daaglikse lewe en oorwin die tydelike. Die Here kom weer – leef gefokus.

Sing: Psalm 122-1:2

Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)